Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

20 Julie 2022
Nuusbrief No 23

Liewe Ouers,
Hartlik welkom terug aan al ons ouers en kleuters. Ons hoop julle het lekker gerus en is gereed vir 'n heerlike Derde Kwartaal!
BAIE WELKOM aan al ons NUWE Parkieland-maatjies. Daar is sommer 'n hele klomp nuwe maats – elke klas het nuwe maats bygekry. Ons weet julle gaan sommer gou soos ware Parkies voel.

Personeel:

- Welkom terug aan Juffrou Lize wat met kraamverlof was. Ons is almal bly jy is terug, Lize!
- Ons weet jy het die kinders vreeslik baie gemis en hulle vir jou!

Kwartaalbeplanners:

- U ontvang vandag u Derde Kwartaal se kwartaalbeplanner sodat u kan sien wat vir die kwartaal beplan word.

Proedag: Vrydag 22 Julie 2022: Olifante, Kameelperde, Hasies en Eendjies:

- Vrydag wil ons die kinders laat proe aan verskillende soorte vrugte, veral "vreemde" soorte vrugte soos kiwivrug, stervrug, suurlemoene, mandaryn, pomelo, papaja, guavas, bloedlemoene, koemkwat, persimmon, pere, granate en grenadellas. Stuur dan ook asseblief 'n paar van die "algemene" soorte vrugte, soos appels, lemoene, ens.
- Stuur asb. een heel vrug om vir die kinders te wys hoe die heel vrug lyk, en dan van die vrugte in klein stukkies gesny, waaraan hulle kan proe. 25 Stukkies om te proe is voldoende.
- Mammas kan op die onderskeie WhatsApp-groepe reël wie bereid is om wat te stuur.
- Die Kalfies en Lammetjies gaan eers volgende week proedag hou. Die klasjuffrouens sal met u kommunikeer.

Opvoedkundige besoek: My gesondheid en my tande: Vrydag 29 Julie 2022: Projeknommer P763

- Ons kleuters ontvang 'n besoek van Mighty Minds wat hulle oor gesondheid kom leer en hoe om jou tande te versorg.
- Al die **Olifante, Kameelperde, Eendjies en Hasies** neem hieraan deel.
- Kleuters moet asseblief Parkielandhempies aantrek.
- Daar is 'n koste van R35 per kind verbonde. Betaal asseblief EFT of d6 en gebruik die kind se naam en Projekkode P763 as verwysing.

Oueraand:

- Daar word nie 'n formele oueraand geskeduleer nie, maar u kan met die klasonderwyseres kontak maak en 'n afspraak reël indien u haar wil sien.
- Die klasonderwyseresse sal ook laat weet indien hulle dit nodig ag om 'n afspraak met u te maak.

Koekverkopings:

- Noudat Covid ons nie meer beperk nie, gaan ons weer ons koekverkopings instel.
- Ons het die klasse twee-twee ingedeel en die koekverkopings word deur die Ouerkomitee gedryf.
- 12 Augustus: Lammetjies en Kalfies
- 9 September: Olifante en Kameelperde
- 4 November: Eendjies en Hasies
- Meer inligting sal na die klasse toe deurgegee word.

Ouma- en Oupadag: Vrydag 2 September 2022:

- Laat weet vir Ouma en Oupa ons gaan hulle nooi om by ons te kom kuier, hulle moet die datum oophou!

Herregistrasie vir 2023:

- Al die Gr 00 kinders (Olifante en Kameelperde) gaan Inskrywingsvorms vir Gr R ontvang om in te skryf vir Gr R.
- Die res van die kinders gaan herregistrasievorms ontvang om te herregistreer vir die volgende graad.
- Moet asseblief nie benoud raak nie, u gaan dit binne die volgende twee weke ontvang.

Gedagte vir die week:
"As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het Sy liefde in ons volmaak geword."
1 Johannes 4:12

Mag ons hierdie kwartaal mekaar liefhê en dien. Geniet die week verder.

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Welkom terug by PARKIELAND! Hierdie kwartaal gaan ons bou aan:

Goeie maniere

Selfstandigheid

Omgee vir ander

Eiewaarde

Beurte maak

Geloof in myself

Akademie

Hoe om 'n gawe maat te wees